Laerskool Lynnwood

Hoop • Glo • Dien

# LYNNIES BEELD

ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD

www.lynnwoodlaer.co.za

Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 3: Nommer 11 – 5 Oktober 2025


## OUERLEIDING




### Haal diep asem – die vierde kwartaal is op ons

Hier staan ons – op die drumpel van 'n asem skep vakansie so kort voor die vierde kwartaal.

Die laaste paar tree van die skooljaar lê voor, en dit voel dikwels soos na die eindstreep jaag.

Die eindeksamen begin vier weke nadat die skole heropen, jaarafsluitings, meriete aande, leier aankondigings, laaste sport- en kultuur gebeure voorbereidings vir die feestyd – dit lê alles voor na die vakansie. Vir baie ouers (en kinders) is dit 'n tyd van stres, uitputting en emosionele uitbranding.

Die vierde kwartaal is nie net 'n tyd van akademiese afsluiting nie, maar ook 'n tyd vir refleksie en groei. Dis 'n geleentheid vir kinders om te wys wat hulle deur die jaar geleer het – nie net in boeke nie, maar ook in volwassenheid, aanpassing, en karakter. Dit is ook vir ouers 'n kans om hul kinders se groei raak te sien en saam met hulle trots te wees op die reis wat hulle tot hier gebring het.

**Praktiese raad vir ouers in hierdie tyd**

- **Hou roetine so normaal as moontlik:** Kinders floreer as daar struktuur is. Hou slaaptye, maaltye en huiswerktye konsekwent – dit help om emosionele en fisieke uitputting te beperk.

- **Moenie wag tot hulle vra vir hulp nie:** Vra gereeld uit oor hulle take en toetse. Soms weet kinders nie hoe om hulp te vra nie, veral as hulle oorweldig voel.

- **Bly positief, selfs as hulle sukkel:** Die vierde kwartaal toets dikwels ons geduld. Onthou dat dit 'n moeilike tyd vir baie kinders is – moedig eerder aan as om te kritiseer.

- **Laat balans toe:** Nie elke oomblik hoef aan akademie gewy te word nie. Maak tyd vir ontspan, pret, gesin-en-vriende-tyd. 'n Gesonde kind presteer beter.

- **Sorg vir jouself ook:** Jy kan nie uit 'n leë beker skink nie. Neem tyd vir rus, selfs al is dit net 'n paar minute elke dag om asem te haal en te herlaai. Moenie jouself meet aan ander ouers op sosiale media of aan ander kinders se uitslae en prestasies nie. Elke kind (en ouer) se pad lyk anders, en dis hoe dit hoort. Wat saak maak, is dat jy daar is – dat jy probeer, dat jy ondersteun, en dat jou kind weet hulle is geliefd, ongeag prestasie.

Voordat jy in die warboel van kalenderinskrywings, inkopielyste en leerroosters inspring, neem 'n oomblik om diep asem te haal tydens die vakansie - geniet en koester die rustydjie!

# LYNNIE-LOERDAG

**"Kom nuwe Lynnie,**
**Kom span jou seile.**
**Maak gereed vir jou skoolloopbaan myle!"**

Wat 'n voorreg om weer ons nuwe graad eens van 2026 en hul ouers op 27 Oktober by die jaarlilkse Lynnie-Loerdag te kon verwelkom!






## A L G E M E N E OUERVERGADERING

***Algemene Ouervergadering op Woensdag, 22 Oktober 2025 om 18:00 in die skoolsaal.***

***<u>Agenda</u>:***
***Opening en Verwelkoming***

***Skoolverslag***

***Begroting 2026***

***Vrae + Goedkeuring***

***Afsluiting***

- **Ouers is welkom om insae in die begroting te lewer, deur meneer Stolk te kontak.**
- **Om ‘n kworum te bereik, is dit baie belangrik dat ouers dié vergadering bywoon.**

## KULTUUR

### REDENAARS
Indien u nie op die redenaarsgroep is nie gebruik die volgende skakel daarvoor. Let wel: Spanredenaars-lede moet ook op die redenaargroep wees.
[https://chat.whatsapp.com/Giv7v6DW7Pv58QG2TrQDJ8](https://chat.whatsapp.com/Giv7v6DW7Pv58QG2TrQDJ8)

**<u>Redenaargedagte vir die week:</u>**
*“A cover is not the book.*
*So, open it up and take a look.”*
Mary Poppins

## KUNSTE AKADEMIE

### DRAMA
Met ons laaste Kunstefees is juffrou Carli trots om die volgende deur te gee:
Ons groepsitems het by die Poort Fees pragtige uitslae behaal!
Ons leerders ontvang:
3 A's8 A+'e
11 A++'e
Baie geluk! Groepwerk het sy uitdagings, maar harde werk bly die antwoord!




### KLAVIER
Baie sterkte aan Dr. Bertha se pianiste met hulle internasionale musiekeksamens. Na aanleiding van die pragtige werk by die voorspeelkonsert weet ons dat dit baie goed sal gaan!







# SPORT

## FIETSRY

Baie geluk aan Isabella du Toit wat 4de plek behaal in Gauteng. Sy is deur na die interprovinsiale fietsry kampioenskappe wat plaasvind op 11 en 12 Oktober. Ons weet sy gaan Laerskool Lynnwood se naam hoog hou!



## DOGTERSHOKKIE

**'n Seisoen om op trots te wees!**

Die Lynnies se senior hokkieseisoen is met groot sukses afgehandel. Ons spanne het kragte gemeet teen Laerskool Magalieskruin, Anton van Wouw, Tygerpoort, Elarduspark en Cornwall Hill College.

Al ons **A-spanne het die liga gewen** en so gekwalifiseer vir die *Northerns Blues Primary Hockey Tshwane Cup* uitspele. Daar het die **o/10A-span 'n 6de plek behaal, die o/11A-span 3de geëindig, die o/12A-span as *Tshwane Cup* wenners gekroon en die o/13A-span het as naaswenners geëindig.**
In totaal het ons **12 spanne** aan die liga deelgeneem, met **139 dogters** wat hierdie kwartaal hul Lynnies-trots op die hokkieveld gewys het.

'n Groot dankie aan al die afrigters vir hul toewyding en harde werk asook aan die ouers vir hul konstante ondersteuning langs die veld. Julle speel 'n groot rol in ons sukses.
Welgedaan aan elke speler, afrigter en ouer wat hierdie seisoen moontlik gemaak het!









## KRIEKET

**Provinsiale Proewe**

Baie sterkte aan die volgende leerders wat deurgedring het tot die finale rondte met die proewe van hul onderskeie ouderdomsgroepe. Ons hou duim vas dat dit goed sal gaan.

**o/13 Dogters:** Mia Labuschagne, Mieke Snyman, Mariza Jonker, Christenique Fourie en Isabella Ebersohn.
**o/13 Seuns:** Luke Wiggins, Jean Slabbert, Brent Sparkham, Jayden Potgieter en Michael Heyns.
**o/12 Seuns:** Cullen Naude, Jean Prinsloo, Lennard Potgieter, Jed Senekal, Franco van Wyk, Samuel Thiart en JP Beukes.









1ste week van skool se bepalings:

| | | |
|---|---|---|
| 2 tot 5 Oktober | 2de en o/11A span Paarl toer | Paarl Gymnasium |
| 3 tot 5 Oktober | o/12 Finale rondte Provinsiale Proewe | |
| 6 tot 8 Oktober | o/13 Finale rondte Provinsiale Proewe | |
| 5 en 11 Oktober | o/13 Dogters Finale rondte Provinsiale Proewe | Ls Villieria |
| | | |
| Maandag 13 Oktober 14:15 | 1ste span vs Rooihuiskraal 1ste | Lynnwood |
| | | |
| Woensdag 15 Oktober 17:45 | Bev Krieket Gr. R en Gr. 1 | Lynnwood |
| | | |
| Donderdag 16 Oktober 08:45 | o/10B vs Helderkruin | Noordheuwel |
| Donderdag 16 Oktober 13:00 | o/10B vs KEPS | Ls Kenmare |
| Donderdag 16 Oktober 14:00 | o/9A vs The Ridge | WHPS |
| Donderdag 16 Oktober 14:00 | o/10A Stadsbeker kwartfinaal | Weg |
| | | |
| Vrydag 17 Oktober 08:30 | o/9A vs WHPS | WHPS |

| | | |
|---|---|---|
| Vrydag<br>17 Oktober 08:45 | o/10A vs Pridwin | Ls Kenmare |
| Vrydag<br>17 Oktober 13:00 | o/10A vs Fairlands | Khosa Krieket Klub |
| Vrydag<br>17 Oktober 14:00 | o/11D vs Grey College (Pro 20) | TBC |
| Vrydag<br>17 Oktober 14:00 | o/11C vs Grey College (Pro 20) | TBC |
| Vrydag<br>17 Oktober 14:00 | o/11B vs Grey College (Pro 20) | TBC |
| Vrydag<br>17 Oktober 18:00 | o/11A vs Grey College (Pro 20) | Lynnwood |
| Vrydag<br>17 Oktober 14:00 | 4des vs Grey College (Pro 20) | TBC |
| Vrydag<br>17 Oktober 14:00 | 3des vs Grey College (Pro 20) | TBC |
| Vrydag<br>17 Oktober 14:00 | 2des vs Grey College (Pro 20) | TBC |
| Vrydag<br>17 Oktober 14:00 | 1stes vs Grey College (Pro 20) | TBC |
| Vrydag<br>17 Oktober 16:00 | o/9A Pro 10 Festival | Lynnwood |
| | | |
| Saterdag<br>18 Oktober 08:30 | o/11D vs Grey College (35 beurte) | TBC |
| Saterdag<br>18 Oktober 08:30 | o/11C vs Grey College (35 beurte) | TBC |
| Saterdag<br>18 Oktober 08:30 | o/11B vs Grey College (35 beurte) | TBC |
| Saterdag<br>18 Oktober 08:30 | o/11A vs Newton | Lynnwood |
| Saterdag<br>18 Oktober 08:30 | 4des vs Grey College (50 beurte) | TBC |
| Saterdag<br>18 Oktober 08:30 | 3des vs Grey College (50 beurte) | TBC |
| Saterdag<br>18 Oktober 08:30 | 2des vs Grey College (50 beurte) | TBC |
| Saterdag<br>18 Oktober 08:30 | 1stes vs Grey College (50 beurte) | TBC |
| Saterdag<br>18 Oktober 13:45 | o/11A vs Impala | Lynnwood |
| | | |
| Sondag<br>19 Oktober 09:00 | o/11 vs Fairlands | Lynnwood |

## SWEM

### Interhuis Swemgala 2025



## SKAAK

Baie geluk aan Philip Erwee en Daniël Venter wat uitstekend presteer het in hulle skaak. Die twee Lynnies is genooi om Gauteng-Noord te verteenwoordig by die *CLOSED Etienne Lewis* toernooi wat sal plaasvind op 6 en 7 Desember 2025. Philip Erwee is gekies vir die o/12 span en Daniël Venter is gekies vir die o/14 span. Dit is 'n skitterende prestasie! Baie geluk aan die leerders! Ons is baie trots op hulle.

Saam met ons Lynnies wat uitblink in skaak, is ons eie afrigter, Gys du Toit, aangewys as die beste afrigter van die jaar 2025. Sonder 'n goeie afrigter sal ons skaak nie wees waar dit vandag is nie. Baie dankie oom Gys vir al oom se afrigting met ons Lynnies.
Baie geluk!











## DAGBESTUUR

Die Dagbestuur het meneer De Nyschen geluk gaan wens met sy verjaarsdag. Meneer Nagel het namens hom die geskenk ontvang.



## GRAAD 7: TUKS UITSTAPPIE



## LEIERVERKIESING 2026




## *OLD SCHOOL* ONDERSTEUNERSTRUI



## PERSONEELVERJAARSDAE

**OKTOBER**

10 Keagan Fourie (intersen. ass)
11 Nicola Jansen (o/w) en
Mareli du Toit (pre-prim ass)
12 Morné Emery (o/w)
20 Chloé Avenant (pre-prim ass)
29 Ané Swart (pre-prim ass)
31 Quewy de Jager (pre-prim)

## LYNNIES BIDGROEP




<u>BID VIR LYNNIES</u>
Woensdae 07:25 voor die hoofhek, of in juffrou Ilsé se kantoor. Kontak Anlia 082 927 1020

## 2025 EN 2026 SKOOLKWARTALE

**2025**

<u>Kwartaal 4</u>: 13 Oktober tot 10 Desember

**2026**

<u>Kwartaal 1</u>:14 Januarie tot 27 Maart
<u>Kwartaal 2</u>: 8 April tot 26 Junie
<u>Kwartaal 3</u>: 21 Julie tot 23 September
<u>Kwartaal 4</u>: 6 Oktober tot 9 Desember

## LEKKERGOEDLAND LAND IN LYNNIES


**Op Dinsdag, 14 Oktober proe die Dinsdag soet en die nuus in LynNUUS nog soeter!**




**<u>Steve Stolk</u>**
**UITVOERENDE HOOF**


UITKYK
SKRYFBEHOEFTES
STATIONERS
STATIONARY IN A FLASH
Order stationary R300,00 or more on Tuesdays & Thursdays and receive it on your doorstep within 90 minutes!
T&C apply: Only applicable for business in Silverton / Silvertondale and Waltloo
SAME DAY DELIVERY
Contact Wilma Du Plessis now
Email Wilma@ustat.co.za WhatsApp – 082 856 8181
Shop no 6, Uitkyk Centre, 165 De Boulevard street, Silverton, Pretoria
TEL: 012 804 9380 / 082 856 8181
wilma@ustat.co.za


ELEVATE YOUR STANDARDS, ELEVATE YOUR SUCCESS
Did you know that grooming, dress, and interpersonal interactions are essential aspects of professionalism?
Ready to elevate your professional presence?
Book a coaching session with me or send me a message to learn more.
078 460 1288
078 460 1288
www.marynastevenson.co.za


GRUB house
Burgers, Pizza, Wings, Shakes and more...
come get messy! with the GRUBhouse Family!
www.grubhouse.co.za


Groot Boks Groot Idees
BIG BOX
Omskep Groot Pret
bigbox.co.za 0861 44 74 74


gro
Leonie du Preez
Life Coach
082 718 7052
leonie@grolife.co.za
www.grolife.co.za